**Vrydag 15 November**

| Skrifgedeelte: Hebreërs 7:18-28 | Fokusgedeelte: Hebreërs 7:22 |
| --- | --- |

**Christus, die Oorwinnaar-Koning, die beter Borg**

Die hooftaak van die priester was om as middelaar tussen God en die volk te staan. Om te offer, was 'n verbondshandeling en die priester het opgetree as die borg, die een wat instaan, vir die gelowige Israeliet. Deur vir homself te offer en versoening te doen, kon hy hierdie taak opneem en as middelaar die versoening namens die volk en die kind van die Here doen. Deur die geslagte was daar baie priesters wat uit die geslagslyn van Aäron gebore is. Die taak het van die een vader na sy seun oorgegaan, totdat die Here in die volheid van die tyd hierdie orde verander het. Hy het sy Seun gestuur om as 'n beter middelaar vir ons in te tree voor ons Vader.

Die geboorte van Christus lui die nuwe bediening van die verbond in. Nou word dit nie meer deur fisiese offers gedoen wat deur die priesters uit die nageslag van Levi gebring word nie, maar Christus bring die een offer aan die kruis op Golgota waardeur Hy die hele offerdiens in vervulling bring. So waarborg Hy die beter verbond vir God se kinders. Die beter verbond impliseer nie dat die verbond met Levi en Aäron sleg was nie, maar net dat dit tydelik is. Die nuwe verbond is ewig, want dit word deur die Ewige Hoëpriester bemiddel en gewaarborg. Dit is Christus.

Die implikasie vir ons as gelowiges is wonderbaarlik troosvol. Dit versterk en bevestig ons geloof, want al die seëninge wat in die verbond belowe word, is nou ons deel in die ewige lewe. Christus het dit nie net vir ons verwerf en beskikbaar gemaak nie, maar Hy is vir ons die waarborg dat dit ons deel sal wees. In 'n lewe vol verandering, hartseer, beproewing het ons die waarborg dat ons Ewige Hoëpriester, volgens die orde van Melgisedek, vir ons intree en ons versterk. Hy gee ons sekerheid in onseker tye. Hy is die waarborg dat ons sonde wat verwydering tussen ons en ons Vader gebring het, waarlik vergewe is en dat ons met Hom versoen is.

Wanneer ons nou in hierdie lewe met sy stryd en aanslae moet voortgaan, kan ons in sekerheid volhard, want Chistus is die waarborg dat ons erfgename is van die lewe.

*Sing: Skrifberyming 33:1, 3*

*Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)*